



**Stellenbosch**  
UNIVERSITY  
IYUNIVESITHI  
UNIVERSITEIT

Riglyne vir Verlengde

Kurrikulumprogramme (VKP)



forward together  
sonke siya phambili  
saam vorentoe

1 Januarie 2025

# VKP-riglyne

|                                                                 |                                                                                                                                                                                           |
|-----------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Soort dokument:</b>                                          | Riglyne                                                                                                                                                                                   |
| <b>Doel:</b>                                                    | Die doel van hierdie riglyne is om konsekwentheid met die operasionalisering van VKP's aan die US te ondersteun en om leiding met praktyke en studentekeuring vir VKP's te bied.          |
| <b>Goedgekeur deur:</b>                                         | Senaat                                                                                                                                                                                    |
| <b>Goedkeuringsdatum:</b>                                       | 08/08/2024                                                                                                                                                                                |
| <b>Operasionaliseringsdatum:</b>                                | 01/01/2025                                                                                                                                                                                |
| <b>Datum van volgende hersiening/frekwensie van hersiening:</b> | Die riglyne moet in die vyfde jaar ná inwerkingtreding hersien word. Dit kan vroeër, of meer as een keer in die bedryfstydperk hersien word, as die eienaar van die riglyne dit nodig ag. |
| <b>Vorige hersienings:</b>                                      | 2010 (Riglyne aangaande die US se Verlengde Graadprogramme)                                                                                                                               |
| <b>Eienaar<sup>1</sup>:</b>                                     | Viserektor: Leer en Onderrig                                                                                                                                                              |
| <b>Kurator<sup>2</sup>:</b>                                     | Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking                                                                                                                                              |
| <b>Sleutelwoorde:</b>                                           | riglyn, verlengde kurrikulumprogram (VKP), grondslagmodules, onderrig, leer, assessering, kurrikulum, professionele leer van akademici in hulle onderrigrol                               |
| <b>Geldigheid:</b>                                              | Die Engelse weergawe van die beleid is die geldende weergawe en die Afrikaanse weergawe is 'n vertaling daarvan.                                                                          |

<sup>1</sup>Eienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikhedsentrum(s) waarbinne hierdie reëls funksioneer

<sup>2</sup>Kurator: Administratiewe hoof van die afdeling wat vir die operasionalisering en handhawing van die reëls verantwoordelik is

## **Inhoudstabel**

- 1. Inleiding**
- 2. Doel van die riglyne**
- 3. Operasionalisering van die riglyne**
  - 3.1 DHO se beleide
  - 3.2 US se beleide
  - 3.3 VKP Bestuurskomitee
- 4. Omskrywings**
- 5. Plek van VKP's in OLA aan die US**
- 6. Toegang vir sukses**
- 7. Onderrigmetodiek**
- 8. VKP-modelle en soorte modules**
- 9. Rolle en verantwoordelikhede aangaande VKP aan die US**
  - 9.1 Fakulteitsbestuur
  - 9.2 Die VKP-programleier/-koördineerder
  - 9.3 Die akademiese programkoördineerder(s)
  - 9.4 Akademiese personeel (dit geld vir alle akademici wat onderrig gee)
  - 9.5 Professionele akademiese steunpersoneel (PASD)
  - 9.6 Studente wat vir 'n verlengde kurrikulumprogram ingeskryf is
- 10. Beheer oor die riglyne**
  - 10.1 Rolle
  - 10.2 Operasionalisering
  - 10.3 Monitering en verslagdoening
  - 10.4 Vrystelling
  - 10.5 Hersiening
  - 10.6 Konflikoplossing
- 11. Stawende dokumente**
- 12. Verwante dokumente**
- 13. Verwysings**
- 14. Addenda**

Addendum A: Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se modelle vir verlengde kurrikulumprogramme en -modules

## 1. Inleiding

In die 1980's is akademiese ontwikkeling (AO) ingestel as *akademiese steun* vir 'n klein aantal swart studente wat aan historiese wit universiteite toegelaat is. Hierdie steun was bedoel om “die gaping” tussen die studente se agtergrond en die universiteitsomgewing “te oorbrug” (Bouhey, 2007). Van die vroeë 1990's af, het akademiese ontwikkeling die ondersteuning van *studente* en die ondersteuning van *dosente* ook ingesluit, aangesien hierdie ontwikkelingswerk meer oor die ontwikkeling van onderrigmetodiek en kurrikulums om aan die behoeftes van 'n veranderende studentedemografie te voldoen, begin handel het (Bouhey, 2007). Die beweging weg van studentebehoefte as enigste fokus, na 'n gerigtheid op institusionele praktyke en strukture wat studentesukses inhibeer, was belangrik. Hierdie beweging word steeds voortgesit midde-in 'n dekoloniale en deurslaggewende verandering in hoëronderwysnavorsing en -praktyk.

Hoëronderwysbeleid het die VKP's ondersteun deur die stigting van die Grondslagvoorsieningstoelae. Dit verleen erkenning aan die impak wat VKP's het op die verwerkliking van die nasionale doelwitte van toegang tot en sukses met hoër onderwys vir studente uit sosio-ekonomies benadeelde gesinne.

Die geskiedenis van verlengde kurrikulumprogramme (VKP's) strook met die geskiedenis van akademiese ontwikkeling in Suid-Afrika en die konseptuele en politieke verskuiwings daarvan. Met hierdie AO-verskuiwings in gedagte, word VKP's aan die US tans beskou as 'n soort akademiese ontwikkelingspraktyk wat ontwerp is om aan die behoeftes van 'n spesifieke groep studente te voldoen, terwyl die institusionele strukture en praktyke wat die sukses van alle studente die beste ondersteun of die meeste belemmer, ook in ag geneem word.

## 2. Doel van hierdie riglyne

Die doel van hierdie riglyne is om konsekwentheid met die operasionalisering van VKP's aan die US te ondersteun en om leiding met praktyke en studentekeuring vir VKP's te bied.

## 3. Operasionalisering van hierdie riglyne

Die operasionalisering van hierdie riglyne word gereguleer deur:

### 3.1 Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) se beleide

Die volgende tersaaklike DHOO beleidsdokumente rig die bestuur en operasionalisering van VKP's aan Suid-Afrikaanse universiteite:

- Die algemene grondslagbeleid getiteld “Foundation Provision in Ministerially Approved Programmes” (Grondslagvoorsiening in programme wat deur die minister goedgekeur is) (DHOO 2012<sup>1</sup>); en
- Die Finansieringsbeleid op Verlengde Kurrikulumprogramme (Grondslagvoorsiening) (DHOO 2018).

---

<sup>1</sup>Benoemings vir 'n ministeriële verwysingsgroep vir akademiese ontwikkeling, wat vir die ontwikkeling van beleid aangaande verlengde kurrikulumprogramme verantwoordelik sal wees, is in Julie 2024 aangevra. 'n Bygewerkte nasionale beleid op VKP's word binnekort verwag.

Hierdie dokumente is op die webblad van die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) beskikbaar: <https://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/ctl/t-l-policies-and-guidelines/institutional>

### **3.2 US se beleide**

Hierdie riglyne word onderlê deur en moet alle ander US beleide en riglyne op die gebied van onderrig-leer-assessering (OLA), soos in afdeling 11 en 12 hieronder gelys, nakom en daarmee saam gelees word.

### **3.3 VKP Bestuurskomitee**

Die VKP Bestuurskomitee bied strategiese institusionele leiding ten opsigte van die VKP's aan die US en ondersteun die operasionalisering van hierdie riglyne.

Die komitee bestaan uit verteenwoordigers uit fakulteite wat VKP's aanbied, en sluit die VKP-leiers/-koördineerders, die Sentrum vir Studentevoorigting en -Ontwikkeling (SSVO), die Registrateurskantoor en die Afdeling vir Leer- en Onderrigverryking (ALOV) in.

## **4. Omskrywings**

Die US volg die nasionale VKP-omskrywings soos in die dokumente van die DHOO ingesluit. Die twee mees pertinente omskrywings volg hieronder:

### **4.1 Verlengde kurrikulumprogram (VKP)**

'n VKP is 'n samehangende en ten volle geïntegreerde program wat uitloop op 'n voorgraadse kwalifikasie en wat bestaan uit 'n versameling leergeleenthede met grondslag- en hoofstroominhoud. Die duur van die hoofstroomprogram word met ses maande tot 'n jaar verleng deur die byvoeg van kredietdraende grondslagmodules.

### **4.2 Grondslagmodule**

'n Grondslagmodule is 'n

- kredietdraende module wat 'n integrale deel van 'n VKP vorm;
- module waarvan minstens 50% 'n grondslagaanbod is;
- module wat 'n voorvereiste is vir die verwerwing van die VKP-kwalifikasie waarvan dit 'n integrale deel vorm; en
- module op NKR-vlak 5 of 6.

## **5. Plek van VKP's in OLA aan die US**

Die US is daartoe verbind om 'n inklusiewe wêreldklas universiteit in en vir Afrika te wees. Alle studente wat tot die Universiteit toegelaat word, behoort 'n gelyke kans te hê om hulle studies af te handel en die vereiste uitkomst van leer te bereik (Konsep- US O-L-beleid 2024).

VKP's is deel van die breër OLA-onderneming aan die US, wat die institusionele missie, visie en waardes ter ondersteuning van die US se restitusieverklaring<sup>2</sup> beliggaam.

Die VKP's aan die US skep 'n unieke ruimte vir studente om die vereiste uitkomstes van leer te bereik en hulle studies af te handel. Die VKP is 'n pedagogiese ruimte wat ontwerp is om studente

---

<sup>2</sup>US Restitusieverklaring (2018). Beskikbaar by: <http://www.sun.ac.za/english/about-us/strategic-documents>

se oorgang van sekondêre skool na hoër onderwys met behulp van 'n hanteerbare tempo en werkslading te ondersteun.

Die ontwerp van VKP's bied geleentheid vir studente om akademies en sosiaal in die Universiteitsomgewing te integreer deur geleentheid vir persoonlike, sosiale en professionele groei te bied.

Hierdie groeigeleentheid in die VKP's word ontwerp vir en gefasiliteer deur:

- omgang in kleiner klasgroepe waar studente en dosente van mekaar leer;
- die ontwikkeling van nouer bande met dosente;
- aan studente meer tyd te gun word om aktief by OLA-werksaamhede en hulle eie leer betrokke te wees;
- geteikende en geïndividualiseerde akademiese en psigososiale steuninisiatiewe as deel van 'n holistiese benadering tot studentesukses;
- op die opbou van selfvertroue, akademiese geletterdhede, en lewens- en werksvaardighede gerig te wees;
- studente wat hulle eie sosiale en leerondersteuningstrukture opbou; en
- leergeleentheid waar studente aan die grondslagkennis wat in daaropvolgende jare vir kennisbou en kritiese denke benodig sal word, bekend gestel word.

Aan die US word VKP's deur die Fakulteit AgriWetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Ingenieurswese, Natuurwetenskappe en Teologie aangebied. Fakulteite koördineer, bestuur en operasionaliseer die VKP's, terwyl die Afdeling vir Leer en Onderrigverryking bystand verleen deur 'n institusionele koördineringsfunksie uit te voer.

## **6. Toegang vir sukses**

VKP's is ingestel "as 'n manier om toegang en sukses vir studente wat histories geen toegang tot hoër onderwys van gehalte gegun is nie, te bevorder" (RHO 2020:1). Die doel van 'n VKP was om "aan studente die akademiese grondslag vir die suksesvolle afhandeling van hulle studies te bied" (DHOO 2012:1). Daar is bewys dat die toelating tot 'n VKP van studente wat wel aan die gewone programvereistes voldoen, met volhoubare akademiese sukses verband hou (RHO 2020).

Aan die US geskied aansoeke om 'n VKP binne die volgende raamwerk<sup>3</sup>:

- Fakulteite bied twee programme aan wat dieselfde kwalifikasie oplewer.
- Elkeen van hierdie twee programme het verskillende toelatingsvereistes.
- Studente kies vir watter van die twee programme hulle aansoek wil doen.
- Dit is die fakulteit se prerogatief om die student in die geskikte program te plaas.
- Indien 'n student vir die hoofstroomprogram aansoek doen en nie toegelaat word nie, kan die fakulteit aan die student die geleentheid bied om vir die VKP aansoek te doen.

Elke fakulteit bepaal, in oorleg met die Komitee vir Onderrig-Leer-Assessering (KOLA), die minimum toelatingsvereistes en keuringskriteria vir hulle VKP's en publiseer albei in hulle kalenders.

---

<sup>3</sup>Die huidige praktyk met die plasing van studente op die VKP's sal nog vir 2025 geld, om tyd vir die nodige kalenderveranderinge toe te laat.

## **7. Onderrigmetodiek**

Die skoolstelsel berei studente nie altyd genoegsaam voor vir die uitdagings wat met hoëronderwysstudies gepaard gaan nie. Die VKP's is daarop gemik om enige gapings in die kennis en vaardighede van studente te oorbrug en om epistemologiese toegang te fasiliteer (Garraway en Bozalek 2019) in ooreenstemming met die beginsels van maatskaplik regverdige onderrigmetodiek.

Daar word dus van VKP's "verwag om innoverende en responsiewe onderrig tegnieke aan te wend om 'n verrykte en ondersteunende kurrikulum te lewer wat studente vir hulle huidige en toekomstige studies voorberei" en, ideaal gesproke, behoort VKP-dosente op die voorpunt van onderrig en innovasie in hoër onderwys te wees (Garraway en Bozalek 2019).

## **8. VKP-modelle en soorte modules**

VKP-studente skryf vir 'n verlengde weergawe van 'n hoofstroomprogram in. Die 'verlenging' kan verskillende modelle volg, wat vir verskillende opvoedkundige en teikengroepe toepaslik is, soos in Addendum A beskryf word.

Fakulteite aan die US bied verskillende weergawes van VKP's aan, wat die dissiplinêre konteks van hulle programme pas. Alle nuwe VKP's moet dieselfde interne goedkeuringsproses as die hoofstroomprogramme deurloop, saam met 'n eksterne goedkeuringsproses wat bestaan uit goedkeuring deur die DHOO, akkreditasie deur die Raad op Hoër Onderwys (RHO) en registrasie by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO).

## **9. Rolle en verantwoordelikhede aangaande VKP aan die US**

Hierdie riglyne voorveronderstel die ooreenkoms dat toegang vir sukses aan die US 'n gedeelde onderneming met wedersydse verantwoordelikhede onder alle institusionele rolspelers is, met inbegrip van bestuursliggame, alle akademiese personeel, VKP-studente en die afdelings van die professionele akademiese steundienste (PASD).

### **9.1 Fakulteitsbestuur (byvoorbeeld, dekane, visedekane van O&L, fakulteitsbestuurders, beampste vir studentesukses) moet**

- seker maak dat VKP's met die aanbod van die fakulteit geïntegreer is en op dieselfde manier as ander programme bestuur word;
- toesig hou oor die operasionalisering van die VKP-riglyne en -begroting;
- seker maak dat die VKP's (personeel en studente) in en oor fakulteite heen geïntegreer word;
- seker maak dat die aanstelling van VKP-dosente dieselfde prosedure as ander aanstellings volg en dat personeel wat by VKP's betrokke is, aan dieselfde reëls en regulasies onderworpe is;
- seker maak dat dosente/akademiese personeel wat by VKP's betrokke is, in 'n departement aangestel word en jaarlikse prestasiebeoordelings en -evaluerings ondergaan;
- seker maak dat VKP-dosente/akademiese personeel by departementele en programhervatingswerkswaamhede ingesluit word;

- seker maak dat elke fakulteit 'n programleier/-koördineerder vir die fakulteit se VKP<sup>4</sup> aanwys;
- in die VKP Bestuurskomitee dien; en
- minstens een maal per jaar 'n verslag oor die operasionalisering, bestuur en praktyke van die VKP in die fakulteit aan die Komitee vir Onderrig-Leer-Assessering (KOLA) voorlê.

## **9.2 Die VKP-leier/-koördineerder moet**

- aan studente die geleentheid bied om 'n oriënteringssessie, waartydens die doel en uitkomst van die program en ook die modules wat die studente moet afhandel om te slaag, duidelik uiteengesit word;
- met studente se bywoning en akademiese vordering tred hou om vroeë gevaartekens dat studente dalk bykomende steun of voorligting nodig, raak te sien;
- studente aanmoedig om klasse by te woon en aktief tydens klasse deel te neem, om hulle leer te maksimaliseer;
- steuninisiatiewe vir studente in die vorm van bykomende tutoriale of mentorskapsprogramme, waar moontlik, fasiliteer;
- 'n VKP-praktykgemeenskap vorm waar akademici wat by VKP's betrokke is, beste praktyke en OLA-innovasies kan deel;
- inligting oor VKP-aangeleenthede voorsien;
- in die VKP Bestuurskomitee dien; en
- met die akademiese programkoördineerder oor programhervormingswerkswaardes skakel.

## **9.3 Die akademiese programleier/-koördineerder moet**

- die VKP-leier/-koördineerder by programhervormingswerkswaardes betrek;
- met VKP-personeel oor die OLA-ontwerp van hindernis-/hekwagmodules skakel; en
- samewerking tussen VKP-dosente en hoofstroomdosente bevorder.

## **9.4 Akademiese personeel (dit geld vir alle akademici wat onderrig gee) moet**

- innoverende en responsiewe onderrigmetodes inspan om 'n verrykte en ondersteunende kurrikulum te lewer wat studente vir hulle huidige en toekomstige studies voorberei;
- grondslagmodules en -programme aan dieselfde gehalteversekering as ander modules en programme onderwerp;
- studente aanmoedig om klasse by te woon en aktief tydens klasse deel te neem, om hulle leer te verryk;
- steuninisiatiewe vir studente in die vorm van bykomende tutoriale of mentorskapsprogramme, waar moontlik, fasiliteer;
- met studente se bywoning en akademiese vordering tred hou om vroeë gevaartekens dat studente dalk bykomende steun of voorligting nodig, raak te sien;
- aan VKP-oriënteringssessies deelneem;
- VKP-studentesake aan die VKP-leier/-koördineerder kommunikeer; en
- die inhoud van VKP-grondslagmodules met daaropvolgende modules in lyn bring.

## **9.5 Professionele akademiese steunpersoneel (PASD)**

---

<sup>4</sup>Hierdie beamppte moet dieselfde rolle en verantwoordelikhede vervul as dié wat in die "Pligte en Verantwoordelikhede van Programkomiteevoorsitters en Programleiers" uiteengesit word.



### **9.5.1 Die Afdeling vir Leer- en Onderrigverryking (ALOV)**

Die Sentrum vir Leertegnologie (SLT) kan akademië wat by VKP's betrokke is, met die betekenisvolle en innoverende gebruik van tegnologie vir leer bystaan.

Die Sentrum vir Akademiese Beplanning en Gehalteversekering (ABG) kan akademië wat by VKP's betrokke is, met gehalteversekering en die hernuwing van VKP's bystaan.

Die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) kan

- dosente wat by VKP's betrokke is, met OLA-aangeleenthede bystaan;
- dosente, departemente en programkomitees met die beplanning van VKP's en die modules waaruit dit bestaan, bystaan;
- evaluasie van en navorsing oor grondslagmodules en -programme, en alle aspekte van VKP's, doen;
- tersaaklike inligting versprei en professionele leergeleenthede vir dosente op versoek van fakultete reël;
- met die DHOO aangaande VKP-aangeleenthede skakel; en
- in die VKP Bestuurskomitee dien.

### **9.5.2 Die Sentrum vir Studentevoorigting en -Ontwikkeling**

Die Sentrum vir Studentevoorigting en -Ontwikkeling se opvoedkundige sielkundige en voorligter bied sielkundige steun aan VKP-studente. Hierdie steun omvat die hele spektrum van sorg en teiken ontwikkelings-, voorkomende en genesende ingrypings. Hierdie dienste sluit in:

- toetsing om die aard van die uitdagings wat ervaar word, te bepaal;
- die ontwikkeling van 'n ingrypsplan (groepe en individue);
- loopbaanvoorigting;
- die voorsiening van akademiese steun;
- die voorsiening van psigo-opvoedkundige steun;
- die voorsiening van voorligting en psigoterapie; en
- in die VKP Bestuurskomitee dien.

### **9.6 Studente wat vir 'n verlengde kurrikulumprogram ingeskryf is**

Net soos daar van alle studente aan die US verwag word, moet VKP-studente ook verantwoordelikheid neem vir hulle eie leer, soos uiteengesit onder die rolle en verantwoordelikhede van studente in die Konsep- Onderrig-Leerbeleid (2024).

Om dit te bewerkstellig, word die grondslagmodules van die VKP's ontwerp om ook daarop te fokus om aan studente geleenthede te bied om aktief by die OLA-proses betrokke te raak en hulle eie leer te reguleer, aangesien alle leer 'n belegging van tyd en moeite deur die student self verg. Spesifieke leergeleenthede word ingesluit om studente in staat te stel om hulle eie leer te reguleer deur:

- self die gapings in hulle leer uit te ken;
- aktief steun te soek, wanneer nodig;
- strategieë te bedink om leergapings te oorbrug; en
- onafhanklike leerders te word.

## **10. Institusionele proses**

### **10.1 Rolle**

#### **10.1.1 Die eienaar van hierdie riglyne is die Viserektor: Leer en Onderrig, wie se rol die volgende behels:**

- a) Hou toesig oor die ontwikkeling van die riglyne
- b) Verseker dat die nodige dokumente opgestel word
- c) Stel 'n kurator vir die riglyne aan
- d) Verseker dat die kurator doeltreffend funksioneer
- e) Stel 'n taakspan, soos nodig, vir die periodieke hersiening van die riglyne aan

#### **10.1.2 Die kurator van hierdie riglyne is die Senior Direkteur: Afdeling vir Leer- en Onderrigverryking, wat verantwoordelik is vir:**

- a) die formulering, goedkeuring, hersiening, kommunikasie, vrystelling en monitering van die operasionalisering van hierdie riglyne; en
- b) die vertolking van die riglyne, vir leiding aangaande die operasionalisering daarvan, en vir die saamstel van 'n taakspan om die riglyne periodiek te hersien, soos nodig.

### **10.2 Operasionalisering**

Die operasionalisering van die riglyne vind plaas via die omgewingsplan van die Viserektor: Leer en Onderrig, wat die strategiese fokusgebiede en bedryfsprioriteite in onderrig, leer en assessering stipuleer. Op fakulteitsvlak vind die operasionalisering van die riglyne, waar redelik prakties, by wyse van die spesifieke fakulteitsoperasionaliseringsplanne plaas.

### **10.3 Monitering en verslagdoening**

Die Viserektor: Leer en Onderrig is aanspreeklik vir die instel van die nodige beheermaatreëls om hierdie riglyne te moniteer en daarvoor verslag te doen en die kurator is verantwoordelik vir die operasionalisering van sodanige maatreëls.

Die Senaat moniteer die operasionalisering van die riglyne by wyse van die Viserektor: Leer en Onderrig se jaarlikse verslag oor onderrig, leer en assessering wat aan die Senaat voorgelê word.

### **10.4 Vrystelling**

Hierdie riglyne is 'n openbare dokument wat op die US se webwerf verskyn. Dit word deur die Senaat, in oorleg met die betrokke fakulteitsrade, goedgekeur.

Afdeling 11 en 12 van hierdie riglyne kan, soos nuwe riglyndokumente vrygestel word, redaksioneel bygewerk word met die goedkeuring van die Komitee vir Onderrig, Leer en Assessering en 'n verslag wat ter inligting aan die Senaat voorgelê word.

### **10.5 Hersiening**

Hierdie riglyne word elke vyf jaar, of vroeër indien nodig, hersien.

## 10.6 Konflikoplossing

Konflik ten opsigte van hierdie riglyne moet langs die normale lynbestuurskanale in die bestaande US-strukture, soos die fakulteite se onderrig- en leerkomitees, die Senaat se Subkomitee vir Onderrig, Leer en Assessering (KOLA) en die Senaat self, opgelos word.

## 11. Stawende dokumente

| <b>Naam van dokument</b>                                          | <b>Status (geïdentifiseer, onderweg, goedgekeur)</b> |
|-------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------|
| US Plagiaatbeleid (ter ondersteuning van Akademiese Integriteit)  | Goedgekeur November 2016                             |
| Strategie vir Onderrig en Leer 2017-2021                          | Goedgekeur Maart 2017<br>Word tans hersien           |
| US se Visie 2040 en Institusionele Strategiese Raamwerk 2019-2024 | Goedgekeur 2019                                      |
| Konsep- Transformasiebeleid                                       | Onderweg                                             |
| Assesseringsbeleid                                                | Goedgekeur September 2021                            |
| Konsep- Onderrig-Leerbeleid                                       | Onderweg                                             |

## 12. Verwante dokumente

| <b>Naam van dokument</b>                                                     | <b>Status (geïdentifiseer, onderweg, goedgekeur)</b> |
|------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------|
| Toelatingsbeleid                                                             | Goedgekeur 2017                                      |
| Gedragkode: Studieleier/promotor en student                                  | Goedgekeur<br>In US Kalender Deel I                  |
| Ontwerpproses van Leer, Onderrig en Assessering (DeLTA)                      | Ontwikkel in 2020                                    |
| Beleid oor Gestremdheidstoegang                                              | Goedgekeur Maart 2018                                |
| Dissiplinêre Kode vir Studente van die Universiteit Stellenbosch             | Goedgekeur 2020                                      |
| Regulasies vir Eweknie-leerondersteuning                                     | Goedgekeur Augustus 2020                             |
| Pligte en Verantwoordelikhede van Programkomiteevoorsitters en Programleiers | Goedgekeur 2018                                      |
| Konseptuele Raamwerkdokumente vir Akademiese Geletterdheid aan die US        | Word tans hersien                                    |
| Opleidingsraamwerk vir Inligtingsgeletterdheid                               | Goedgekeur September 2014                            |
| Interne en Eksterne Moderering en die Verwerking van Uitslae                 | Goedgekeur September 2014<br>Word tans hersien       |
| Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch                                 | Goedgekeur Junie 2021                                |

|                                                                                           |                                                              |
|-------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------|
| Beleid op Studenteterugvoer oor Programme, Modules en Dosente                             | Goedgekeur 2008<br>Word tans hersien                         |
| Hersiening van die studenteterugvoerstelsel: Tussentydse verslag van die taakspan         | Taakspanverslag (Afrikaans en Engels)<br>28 April 2015       |
| Gehalteversekering- en Verrykingsbeleid aan die US                                        | Goedgekeur September 2019                                    |
| Prestasiebestuursbeleid en -strategie                                                     | Goedgekeur 2018                                              |
| Reglement vir die Erkenning van Ko-kurrikulêre Prestasies                                 | Goedgekeur November 2018                                     |
| Reglement vir Interne en Eksterne Moderering en die Verwerking van Uitslae                | Goedgekeur 2014<br>Word tans hersien                         |
| Regulasie vir die Erkenning van Vorige Leer (EVL) en Kredietakkumulاسie en -Oordrag (KAO) | Goedgekeur 2017<br>Word tans hersien                         |
| Reglement van die Komitee vir Onderrig, Leer en Assessering (KOLA)                        | Goedgekeur Junie 2017                                        |
| Verskeie beleide oor navorsing aan die US                                                 | Goedgekeur op die onderskeie datums                          |
| Strategiese Plan vir Maatskaplike Impak 2017-2022                                         | Goedgekeur 2016                                              |
| Beleid oor Personeelwelstand                                                              | Goedgekeur 2012                                              |
| Strategie vir die Gebruik van IKT in Onderrig en Leer aan die Universiteit Stellenbosch   | Uitsetdokument van taakspan, April 2013<br>Word tans hersien |
| Woordelys van Soorte Beheer- en Bestuursdokumente                                         | Goedgekeur Augustus 2022                                     |

### **13. Verwysings**

Bouhey, C., 2007. Educational Development in South Africa: From Social Reproduction to Capitalist Expansion? *Higher Education Policy*. 20:5-18.

Raad op Hoër Onderwys. 2020. Extended Programmes with an Integrated Foundation Phase: Theoretical Considerations for Curriculum Design. RHO no. 14, Desember 2020.

Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. 2012. Die algemene grondslagbeleid uit die “Department of Higher Education and Training: Foundation Provision in Ministerially Approved Programmes”.

Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. 2018. Die Finansieringsbeleid op Verlengde Kurrikulumprogramme (Grondslagvoorsiening).

Garraway, J. en Bozalek, V., 2019. Theoretical Frameworks and the Extended Curriculum Programme. *Alternation*. 26(2).

## **Addendum A**

### **Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se modelle vir verlengde kurrikulumprogramme en -modules**

Die huidige beleid<sup>5</sup> van die DHOO gee drie **programmodelle** as 'n riglyn vir die ontwerp van 'n VKP. Die **modules** wat in elke program ingesluit word, kan ook verskillende ontwerpe volg, wat toepaslik vir verskillende opvoedkundige doeleindes en teikengroepe is.

#### **1. Modelle van verlengde kurrikulumprogramme**

##### **Model 1 vir programme: Verlengde kurrikulum wat 'n “ten volle grondslag- eerste jaar” inkorporeer**

Hierdie model sluit 'n ten volle grondslag- eerste jaar, gevolg deur die hoofstroomkurrikulum van die hoofstroomprogram, in. Dit beteken dat al 120 krediete van grondslagvoorsiening in die eerste jaar aangebied word. Grondslagmodules dra geen krediete vir die finale kwalifikasie nie, aangesien hulle slegs die gapings in vorige leer moet aanvul.

##### **Model 2 vir programme: Hoofstroom- eerstejaarskurrikulum word oor twee jaar gevolg, met inkorporasie van beduidende grondslagvoorsiening**

Die tweede model behels 'n “stadige-stroom-benadering” tot die grondslagfase deur grondslagmodules in die eerste twee jaar van die program in te sluit. Die krediete van die eerste jaar van die hoofstroomprogram, wat gewoonlik in een jaar behaal word, word dus oor twee jaar afgehandel.

##### **Model 3 vir programme: Grondslagsteun in die eerste drie jaar van die program**

Hierdie model versprei grondslagmodules oor drie jaar van die verlengde vierjaarkurrikulum. Dit impliseer dat steun en ontwikkeling van studente verder as die eerste twee studiejare strek. In sommige dissiplines is dit nuttig om ontwikkeling en steun ten opsigte van kursusse op die hoër kurrikulumvlakke, wat daarvoor bekend is dat studente dit uitdagend vind, te voorsien.

#### **2. Voorbeelde van hoe VKP-modules ontwerp kan word**

Die komponente van die verlengde deel van die program kan:

- a) grondslagmodules wees (gerig op die akademiese grondslae van dissiplinêre kennis van 'n module; digitale of numeriese geletterdheid; professionele en akademiese vaardighede wat nodig is om in die werksplek te slaag);
- b) modules wees wat strategies in die tweede/derde jaar van 'n program geplaas word om studente te help om in, byvoorbeeld, hindernismodules suksesvol te wees; en
- c) bykomende lesings of tutoriale wees om die OLA-werksaamhede van hoofstroommodules te ondersteun.

Die DHOO se riglyne verklaar tans die volgende:

##### **Model 1 vir modules: 'n “ten volle grondslag”-module**

---

<sup>5</sup> Hierdie beleid is reeds sedert 2019 onder hersiening.

Die mees algemene vorm van 'n ten volle grondslagmodule is een wat studente vir die hoofstroom-eerstejaarsmodule in die betrokke vak(ke) voorberei. Met ander woorde, VKP-studente handel hierdie soort module af, voordat daar na die hoofstroom- eerstejaarsmodule in die vak aanbeweeg word.

### **Model 2 vir modules: 'n “verlengde” module**

'n Verlengde module kombineer hoofstroom- kursusmateriaal met heelwat grondslagmateriaal en neem beduidend langer om af te handel as die ooreenstemmende hoofstroommodule. 'n Voorbeeld van 'n verlengde module in wiskunde, byvoorbeeld, is een wat dieselfde inhoud as 'n semestermodule in wiskunde dek, maar oor die hele jaar onderrig word – met heelwat grondslagvoorsiening geïnkorporeer – met dieselfde kontaktyd (byvoorbeeld, vyf kontakperiodes) per week as die hoofstroommodule. Die verlengde module sal dus omtrent twee maal soveel personeeltyd en nosionele leerure as die hoofstroom- semestermodule nodig hê.

### **Model 3 vir modules: 'n “uitgebreide” module**

'n Uitgebreide module dek al die materiaal van 'n hoofstroommodule en duur net so lank, maar word apart onderrig en integreer heelwat grondslagmateriaal deur bykomende, formele kontaktyd op die rooster. Om aan die omskrywing van 'n grondslagmodule te voldoen, moet die kontaktyd van 'n uitgebreide module ongeveer dubbel dié van die hoofstroommodule wees. 'n Voorbeeld van 'n uitgebreide module in wiskunde, byvoorbeeld, is een wat dieselfde inhoud as die hoofstroom-wiskundemodule dek, maar twee maal soveel kontaktyd (byvoorbeeld, tien kontakperiodes) per week gebruik om genoegsame grondslagwerk te inkorporeer. Gevolglik sal die uitgebreide module ook omtrent twee maal soveel personeeltyd en nosionele leerure as die ooreenstemmende hoofstroommodule nodig hê.

## **3. Goedkeuring van verlengde kurrikulumprogramme**

Die DHOO se beleide waarna voorheen verwys is, gee 'n opsomming van die prosedures wat met die aansoek om akkreditasie van 'n nuwe VKP gevolg moet word. Die Sentrum vir Onderrig en Leer en die Sentrum vir Akademiese Beplanning en Gehalteversekering<sup>6</sup> kan met die ontwerp van nuwe programme help en die akkreditasieproses fasiliteer.

Daarbenewens moet alle nuwe VKP's dieselfde interne goedkeuringsproses as die hoofstroomprogramme ondergaan, saam met 'n eksterne goedkeuringsproses wat bestaan uit goedkeuring deur die DHOO, akkreditasie deur die Raad op Hoër Onderwys (RHO) en registrasie by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO).

---

<sup>6</sup><https://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/learning-teaching-enhancement/APQ/Pages/Programme-new-renewal.aspx>.